Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

**9 Augustus 2026**

*Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!*

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:30) : Ds Chris Coetsee

**Voorsang:** Lied 462: 1,2
**Toewydingslied:** Lied 151
**Votum en Groetseën**
**Wet van die Here:** 2 Pet 1: 3-13
**Sing:** Ps 32: 1-3
**Geloofsbelydenis**
**Sing:** Sb 14-1: 1,3

**Woordverkondiging**
**Skriflesing:** Mat 28: 18-21 en Hand,1:6
Belydenis en Doop: Tennessee Spira
**Sing:** Sb. 15-7: 1,5,6
**Gebed**
**Sing:** Lied 588: 1-3
**Slotseën**

## English Service (16:30) : Ds Reynold Fourie

**Theme:** ***The crowd, the demons and the disciple***

**Scripture: Mark 5: 1-20**
**Theme:** ***The crowd, the demons and the disciple***

- **Sing:** Praise my soul, the King of Heaven
- **Sing:** A mighty fortress is our God
- **Sing:** Amazing Grace
- **Sing:** Good Good Father
- **Sing:** To God be the Glory

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Tema:** ***Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus is ons regverdig voor God***

**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps. 146: 1,2,3 en 8 (Totius)
**Gebed**
**Sing:** Ps. 131 1-3 (Totius)
**Woordbediening**
**Skriflesing:** Rom 7: 7-25

**Tema:** ***Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus is ons regverdig voor God***
**Gebed**
**Sing:** Lied 232: 1,2
**Uitstuurseën**
**Amen**

## Waarvoor kan ons bid?

- Ons dank die Here dat Hy mense se harte aanraak en hulle lewens verander
- Ons bid vir almal wat nie die Here ken nie en vra Hom dat Hy ons as Sy Hande en Voete sal gebruik in die verkondiging van die Evangelie
- Ons bid vir vrede in ons kosbare Kerkverband
- Ons bid vir almal wat siek is, in hospitale is en naastes aan die dood afgestaan het.

**Chri-sante:** **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676
**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG** Diakonale Kas en Teologiese Studentekas
**Sondag 16 Augustus**: Diakonale Kas en Huis Boland

| | **VANDAG:** | **Sondag 16 Augustus:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Hettie Henning | Carike Byker-Nel |
| **Projektor:** | Wim Gevers | Jenny Wendt |
| **Teeskink:** | Langnaweek | GF13; GF14; KU2; TY1 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Danie Gryffenberg en Eugene Grobler
**Sondag 16 Augustus**: Christo Botha en Chris Jacobs

**DAGBOEK 9 Augustus tot 16 Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 9:00 |
| Ma 10 Aug | Publieke Vakansiedag | | |
| Ma 10 Aug | Bybelstudie - aand | GKBO | 19:00 |
| Wo 12 Aug | Bybelstudie - oggend | GKBO | 10:30 – 11:30 |
| Do 13 Aug | Bestuursouderlinge vergadering | AANLYN | 07:30 |
| Do 13 Aug | Studente Bybelstudie | By Jaco Linde | 19:30 |

# Van die Kerkraadstafel:

**Ds Brahm** neem vanoggend die erediens in GK Kleinmond waar. Ons bid hom en die gemeente die seën van die Here toe met die Woordverkondiging.

**Ds Jaco en Suzaan** neem vanaf 17 Augustus verlof en sal vir twee weke uitstedig wees. Mag julle hierdie ruskans baie geniet, goed uitrus en veilig terugkom.

**Op 27 Augustus** vind daar weer 'n gesamentlike konferensie met GKBO, GK Bellville en die Vrye Gereformeerde Kerk plaas. Dit sal DV om 19:00 hier in ons kerkbegou geskied. **Almal is hartlik welkom. Tema**: **Hoe hanteer ons konflik vanuit 'n Christelike perspektief.** Aanbieder is Ds Johan Bruintjes van die VGK Bellville.

**Vanaf *Sondag 6 September*** skuif ons oggenderedienste weer na **Somertye**. Ons oggenderedienste sal dus dan om **9:00** begin. Die Engelse eredienste sowel as die aanderedienste se tye bly dieselfde, onderskeidelik 16:30 en 18:00.

**Bediening van die sakrament van die doop en Geloofsbelydenis:**



**Tennessee Spira** het na kategese en ondervraging deur die Kerkraad, die begeerte uitgespreek om vandag sy Belydenis van Geloof voor die Here en die gemeente af te lê, waarna die sakrament van die Doop ook aan hom bedien sal word. Ons is saam met hom baie dankbaar vir die pad van Heilige Gees met hom geloop het om hom tot hierdie besluit te bring. Mag hy daagliks groei in sy geloof en volledig deel word van die gemeente van God.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Marlene Buys** se ma **Joan le Roux**, by baie van ons bekend en geliefd is Woensdag oorlede. Ons is saam met haar, Juan, Lynette en Amoné, asook Ruan hartseer met julle groot verlies. Ons bid julle die vrede en vertroosting van die Here toe.
- **Andries Cronje** was vir enkele dae in die hospitaal vir behandeling en sterk nou tuis aan. Ons bid hom 'n algehele herstel.
- **Harding Joubert** het hierdie week 'n nuwe pasaangeëer ontvang. Die dokters is baie tevrede en is hy heel moontlik al Vrydag ontslaan.
- **Sonja van Kaam** het hierdie week 'n geslaagde skouervervanging gehad. Die dokters is baie tevrede. Ons bid dat sy gou sal aansterk en pynvry kan beweeg.

**Gelukwensing:** Baie geluk aan **Erik en Marike Hendrikz** wat Vrydag 31 Julie 'n dogtertjie en verbondskindjie ryker geword het. Ons is saam met julle opgewonde en dankbaar vir haar.

**Verwelkomings:** Ons is geseënd om vandag weer 'n hele aantal nuwe lidmate aan u bekend te stel. Ons bede is dat elkeen hier 'n tuiste sal vind, geloofsvriende sal maak en hul gawes aanwend tot die uitbou van die Koningkryk. Baie welkom!

**Marius du Plessis** word vandag by ons opgeneem. Hy is 'n Vryskutwerker van Rekenaar sagteware.

**Bernard Mostert** sluit by ons aan vanaf die Strand gemeente.

**Stef en Verhona Pretorius** is al 'n tydjie hier by ons maar weens omstandighede kan ons hulle vandag eers verwelkom. Hulle is afkomstig van GK Nelspruit.

**Die Swiegers-gesin, Werner, Mari-Jani en LJ** het by ons aangesluit vanaf die NGK Sonstraal. Klein LJ word ook binnekort hier by ons gedoop.

**Elsabé van der Westhuizen** kom van die RCSS gemeente in Rondebosch en het die uitdagende pos as Onderwyseres.

***(Alle persoonlike inligting en fotos in bogenoemde berig is verwyder in lyn met die Popia wetgewing)***

## Vertrek met attestaat: **Louis Snyman** na GK Kempton Park.

## Griefshare

**Die volgende "*Griefshare*"** program, onder leiding van Reinder, begin op **Dinsdagoggend 18 Augustus om 9:30** agter in die konsistorie. Lidmate en ander belangstellendes is steeds welkom om in te skryf. Kontak asseblief vir Reinder op 084 827 2443.

## Vrolike Veterane:

**Wat weet jy van Roofvoëls?**

Douw Kruger hou hulle van jongs af dop en gaan ons meer van hulle kom vertel. Hy vertoon fotos van roofvoëls wat roofvoëls beroof, hoe hulle hier in ons betonoerwoud hulle tuisgemaak het en baie ander interessante verskynsels in hulle lewe.

Weens 'n langnaweek tussen-in kom ons eers op 17 Augustus bymekaar.
Kom luister gerus en gesels saam.
Plek: **In die kerk**
Tyd **9:30**
Datum: **Maandag 17 Augustus**




## Ons Spens



Daar is tans **elf** gesinne van ons gemeente wat maandeliks kospakkies ontvang. Al die produkte vir die kospakkies word aangekoop. Geldelike donasies is baie welkom en inbetalings kan gemaak word in die kerk se bankrekening met verwysing "**Manna**".
(GK Bellville-Oos: ABSA rekening nr: 1450 340 029)

Baie dankie vir al die bydraes!!
Vir enige navrae kontak gerus vir Laetitia van Dalen.

## Dringende versoek:

Daar is 'n groot behoefte aan sweetpakke vir seuns in die ouderdomsgroep 9 – 14 jaar. Indien enige iemand hier van hulp kan wees, kontak asseblief vir Ria Breed.

## Huisvesting gesoek:

'n Jong man benodig verblyf in 'n kamer of klein woonstel. Sy begroting is R5 000. Brackenfell/Bellville omgewing.
Kontak asseblief vir Janco Warricker 079 038 0721 / sy ma Ronel Venter 082 612 5646

## Laerskool aksie Graad 4 - 7 bied aan: Wat is kerk?

**Datum:** 11 September 2026 (Vrydagaand) **Tyd:** 18:00

**Wat dit behels:** Ons gaan 'n paar vinnige speletjies speel om te leer *wat is kerk*? Ons gaan ook leer wat binne ons gemeente aangaan. Die jeug is reeds deel van die kerk van Christus dus moet hulle leer wat dit beteken.

Daar gaan pryse wees vir die kinders om te wen. Hier is 'n paar vrae wat julle as 'n gesin kan bespreek ter voorbereiding.



- Wat is kerk?
- Hoekom gaan ons kerk toe?
- Wat is 'n Dominee/ Diaken/ Ouderling?
- Wat is my rol in die kerk?

Ons gaan die vuur aansteek vir die ouers om 'n lekker worsie te kan braai, en so met mekaar te kan kuier.

**Vir enige navrae kontak gerus vir Zea Duffy: 076 301 4911**

## Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Japie Hoogenboezem, Johanna du Preez en Herman Klomp.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vandag | 09-Aug | KALEB | BRUWER | GF23 |
| | | CHRISTOFFEL | GROENEWALD | KE1 |
| | | ELMA | MULDER | GF36 |
| **Maandag** | **10-Aug** | LOUISE | AUCAMP | GF31 |
| | | CORRIE | FRASER | VR3 |
| | | **JAPIE** | **HOOGENBOEZEM** | **DS1** |
| | | CECILE | RHEEDERS | GF23 |
| | | MANDELIE | VAN GRAAN | GF23 |
| Dinsdag | 11-Aug | AMONé | BUYS | KU1 |
| | | PAUL | DU PLESSIS | GF09 |
| | | LOURENS | LABUSCHAGNE | ST1 |
| | | MARTIN | VAN DALEN | GF08 |
| **Woensdag** | **12-Aug** | CHANDRé | BOER | DN1 |
| | | ANDIE | DE VILLIERS | GF22 |
| | | **JOHANNA** | **DU PREEZ** | **EV4** |
| | | LIZANNE | KRÜGER | DN1 |
| | | MARCO | VENTER | GF08 |
| Donderdag | 13-Aug | PETRA | GROBLER | BL4 |
| | | LENé | JANSE VAN RENSBURG | VR5 |
| | | CARIEN | VAN DER BERG | GF11 |
| Vrydag | 14-Aug | MARINA | AUCAMP | GF36 |
| | | ANEL | OOSTHUYSEN | GF05 |
| **Saterdag** | **15-Aug** | **HERMAN** | **KLOMP** | **GF20** |

DOPPIES

# Wie kry toegang tot jou hart?

*"Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou op."*

Ons ken dié ou Afrikaanse spreekwoord goed. Dit waarsku ons om versigtig te wees met wie ons meng, want die mense om ons beïnvloed ons, of ons dit besef of nie. Maar vandag is daar iets wat die spreekwoord nog meer relevant maak. Ons "meng" nie meer net met mense nie. Elke dag laat ons honderde ander stemme in ons lewens toe. Ons blaai deur sosiale media, kyk video's, luister na *podcasts*, lees nuus, volg *influencers* en kyk na reekse. Elkeen van hierdie dinge laat iets in ons harte agter. Die vraag is nie meer net wie is jou vriende nie. Die vraag is: Wie kry toegang tot jou hart?

## Jou hart word elke dag gevorm

Psalm 1 begin met 'n pragtige beskrywing van die mens wat werklik gelukkig is. Hy laat hom nie lei deur goddelose raad of 'n lewe wat van God af wegbeweeg nie. Sy vreugde lê in die Here se Woord, en hy leef daaruit. So iemand, sê die psalm, is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is. Sy wortels kry voortdurend voeding. Daarom dra hy vrug wanneer die tyd daarvoor aanbreek, en selfs wanneer die lewe moeilik raak, bly hy staande. Ons lewens word gevorm deur dit waarmee ons ons gedagtes en harte vul.

## Wie kry jou ore?

Paulus skryf in 1 Korintiërs 15:33: *Moenie dwaal nie: Slegte geselskap bederf goeie sedes.*
Ons dink maklik net aan ons vriendekring wanneer ons dié vers lees. Maar vandag is "geselskap" baie meer as die mense saam met wie ons koffie drink. Dit sluit ook die stemme in waarna ons elke dag luister en die boodskappe wat ons gedagtes vul. As jy dag ná dag negatiewe, selfsugtige of goddelose invloede toelaat, sal dit mettertyd jou manier van dink en leef beïnvloed. Dieselfde beginsel werk egter ook positief. Wanneer jy tyd saam met gelowiges deurbring, wanneer jy God se Woord lees, wanneer jy luister na Skrifgetroue prediking en jou gedagtes vul met wat goed en waar is, begin dit jou verander. Nie oornag nie, maar stadig en seker.

## Jesus wys vir ons die pad

Jesus het nie van die wêreld weggevlug nie. Hy het saam met tollenaars en sondaars geëet en hulle liefgehad. Maar Hy het nooit toegelaat dat die wêreld Hom vorm nie. Sy Vader se wil was die stem waarna Hy eerste geluister het. Ons hoef dus nie bang te wees vir die wêreld nie. Ons moet net wys wees oor watter stemme ons die grootste invloed in ons lewe gee.
Kies die stemme wat jou nader aan God trek

Vra jouself vandag eerlik af:

- Wie kry die meeste van my aandag?
- Watter stemme vorm my denke?
- Watter inhoud vul my hart?
- Trek dit my nader aan Christus of verder van Hom af?

Die Here nooi ons om doelbewus te kies waarna ons luister en wie ons toelaat om ons te beïnvloed. Want die stemme waaraan ons vandag aandag gee, help bepaal wie ons môre sal wees. Kies eerder om jou hart oop te maak vir God se Woord en vir mense wat jou nader aan Jesus lei. Dan sal jy, soos Psalm 1 beloof, wees soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, stewig gewortel en vol vrug.

Gepubliseer in kruispad Junie 2026 weergawe. Geskryf deur ds Werner Brotherton

## GKBO-Inligting

**Eredienstye:** **(Somer)** 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
**Engelse dienste: 16:30**

**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00 admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
**Kassier:** kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

| | | |
|---|---|---|
| **Ds.** Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | reynold@gkbo.org.za | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder / Zapper betaal word. Skakel die kassier of kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**